

**Maandag 26 Maart**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:18-22**

**Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:21**

## Dit sou vir hulle beter gewees het ...

God se oordeel en straf oor valse profete en dwaalleraars sal verskriklik wees! Hulle sal gemeet en beoordeel word volgens God se wet. Want daar was 'n tyd in hulle lewe toe hulle die waarheid geken, die wet bemin en in onderdanigheid voor Christus gebuig het. Maar nou het hulle alles verwerp en die rug gekeer. Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle nooit Christene geword het nie, maar nou het hulle die enigste Verlosser en Salig-maker verloën.

Petrus beskryf hulle dwase optrede vanuit Spreuke 26:11: "*Soos 'n hond wat na sy braaksel toe terugkom, so is 'n dwaas wat dieselfde dwaasheid weer begaan.*" Hy voeg by: "'n Vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder" (:22).

Valse profete het die bevrydende waarheid van die evangelie leer ken, maar weer teruggeval in hulle sondige lewe van vroeër. Hulle staan skuldig voor God en moet uit die kerk geweier word. Op 'n stadium word dit openbaar wie en wat hulle werklik is – vyande van God! Dit is maklik om hulle uit te ken: Hulle bring 'n vreemde leer en praat lasterlik van dinge wat hulle nie verstaan nie. Hulle word gekenmerk deur 'n gedurige soeke na self-bevrediging en 'n weerstand teen die Skrif.

Nie net waarsku Petrus die kerk teen dwaalleer en valse profete nie, ook druk hy jou en my op die hart om seker te maak dat ons in die waarheid bly. En dit is: Jesus Christus het vir ons sondes gesterf, Hy is uit die dood gewek en het sy Heilige Gees gegee om ons in God se wil te lei. Daarom moet ek en jy elke dag leef in die verwagting van die Here Jesus se wederkoms, wanneer Hy sal oordeel oor die wêreld, alles nuut sal maak en ons tot Hom te neem.

*Sing: Skrifberyming 15-3:3*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*